# GEBEDSBRIEF

## Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

## 22 Oktober 2023

**Besoek ons WEBTUISTE:**
**www.ngkwonderboom.co.za**

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** verrykende en verreikende ontmoetings met God sal wees!

Welkom aan elkeen wat saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het! Kom geniet saam met ons iets te drinke na die diens.

| LERAAR | TEMA | TEKS |
|---|---|---|
| Ds Ernest Horn<br>Lofoffer-fees<br>09:00 | Ek wil die Here loof! | Psalm 103:1<br>Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. |
| Dr Louis v Deventer<br>09:00<br>Soetdoring | Getrou aan God in die vreemde | Psalm 137:4<br>Hoe kan ons due lied van die Here wing in ‘n vreemde land? |
| Ds. Willie Rothmann<br>18:00<br>Overkruin | Lig jou kop op | Lukas 21<br><br>Senior Kategese en Belydenisklas 19:00 |

## Kersmark

Ons jaarlikse Kersmark 27 Okt tot 5 Nov kom nader. Besoek dit gerus en kom geniet die teetuin met gratis koffie en tee! Ons benodig skenkings vir tee, rooibostee, koffie, melk en suiker. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word. Die tweede-handse winkel is ook oop tydens die mark in die binnehof. Kom koop goeie items teen sakpas pryse. Kom geniet dit saam met ons!!!

## Lofoffer

**Ons jaarlikse lofofferdiens waar ons die gemeente se verjaarsdag vier, tot en met einde November. Bring jou lofoffer vir God! Kom geniet na die diens ‘n kolwyntjie saam met ‘n koffie of tee by die kombuis.**

## Algemene Sinodesitting

Die Algemene Sinode-sitting is ‘n sitting van al die streeksinodes in die land en het van 15 tot 20 Oktober 2023 in Boksburg vergader. Die Noordelike Sinode kon veertig mense afvaardig, twintig predikante en twintig kerkraadslede. Ons Ring se afgevaardigdes was ds. Louis Lemmer van Magalieskruin, ds. Heinrich Stapelberg van Overkruin, Ashton van Niekerk van ons gemeente en Jacques Els van Magalieskruin. Ons sal eersdaags op die groepe en gebedsbrief terugvoer gee. Dankie vir julle gebede!

## Offergawes

Dankie aan elkeen wat getrou jou offergawe gee. So erken ons die sorg en die goedheid van die Here. Jy kan jou **liefdesgawe** EFT / skandeer / in ‘n koevert by die erediens of in die kerk se posbus ingooi.

Ons bankbesonderhede is:
NG Gemeente Wonderboom
ABSA Tjek-rekening
Nr: 526 015 1136
Tak: Sinoville 632005

Bid asb. vir die oorlogsituasie in Israel-Palestina. En in Ukraine-Rusland. Dat die Here uitkoms sal gee en mense in sy Naam vrede sal soek!

<u>Siekes</u>:
Tinneke Baker, Derick Spies, Gertruida Jansen van Rensburg, Minnie de Waard en Sarie Brits.

<u>Bedroefdes</u>:
Famile en vriende van Eddie (Edelina) Naude van Soetdoring wat oorlede is. Haar gedenkdiens was gister-oggend 10:00 by die La Perna Kapel.